**Donderdag 6 September**

| Skrifgedeelte: Rigters 3:12-31 | Fokusgedeelte: Rigters 3:15 |
| --- | --- |

# God werk met 'n linkshandige instrument in sy regterhand

Soms raak 'n mens angstig as jy sien hoe regerings en wêreldmagte net voortgaan met magsmisbruik en onderdrukking. So moes Israel sekerlik ook gevoel het nadat hulle weens hulle ongehoorsaamheid aan die Here vir 18 jaar deur die Moabiete onderdruk is.

Die Here antwoord op hulle gebed deur Ehud, wat linkshandig was, as redder vir hulle te stuur. Sy linkshandigheid sou menslikerwys gesproke tot sy voordeel kon wees met sy besoek aan Eglon, want sy swaard was aan sy regtersy, waar dit by 'n regshandige aan die linkersy sou wees. Indien die wagte hom sou deursoek, sou hulle sy swaard heel-waarskynlik nie opgemerk het nie, en so kon hy dan toegelaat word om die koning te besoek en Israel te bevry.

Dit is egter God self wat hierdie linkshandige uit die stam van Benjamin gebruik om sy regterhand te wees. Benjamin beteken "seun van my regterhand". Die uitdrukking "God se regterhand" word in die Bybel as simbool van sy mag gebruik. So sing die volk ná die deurtog deur die Rooi See: "U regterhand, o HERE, verpletter die vyand" (Eks. 15:6).

God het ook sy mag kom toon deur sy eniggebore Seun, Jesus Christus. Hy het ons groot vyand, Satan, se kop vermorsel. Hy is die Redder by uitnemendheid, wat deur sy dood en opstanding weer hoop gebring het vir elkeen wat in Hom glo.

As jy dan weer angstig raak, bid tot God, want Jesus Christus sit aan die regterhand van sy Vader, waarvandaan Hy alle dinge regeer.

*Sing: Psalm 118-1:7, 8*

*Ds. JB (Jan) du Plessis (Emeritus)*